

EKKLESIOLOGIE DEUR 'N ANTIOGEENSE LENS¹

*Dr G Smit
Navorsingsvennoot
Fakulteit Teologie
Universiteit van Pretoria*

ABSTRACT

ECCLESIOLOGY THROUGH AN ANTIOCHEAN LENS

This article explores the church at Antioch as described in Acts 11:19-30 and the ecclesiological implications of this narrative. The following structural markers are developed: The Antiochean church contributes to the understanding of the church as missional in nature; arising from the identity as belonging to Christ; equipped for ministry as members of a new spiritual household; and finally developed for every member's unique calling through acoustical leadership.

1 INLEIDING

Nog nooit vantevore was indringende nadenke oor die ekklesiologie van die Nuwe Testamentiese geloofsgemeenskappe so aktueel soos tans nie. Die noodsaak hieraan word deur Guder (2000:145) onderstreep: "... there has been a growing consensus in worldwide Christianity that the local congregation is the basic unit of Christian witness." Die plaaslike gemeente is die sentrum waarheen gelowiges gaan om God te aanbid, toegerus te word en waarvan hulle uitgaan om hulle getuienis in die wêreld uit te leef. Dit is God se hoop vir 'n stukkende wêreld (Hybels 2002:27). Dit is die instrument van die *missio Dei* waar die Drie-enige God die kerk in die wêreld instuur

1 Hierdie artikel is 'n verwerking van Smit, 1997:99-104, geskryf onder promotorskap van proff Cas Vos en Malan Nel.

(Bosch 1991:390). Dis die opleidingsentrum waar gewone gelowiges toegerus en voorberei word vir hulle lewe op die sendingveld (Mead 1991:57). Volgens McLaren (2002:84-85) is dit die rol van Christene in die plaaslike gemeente om nie-Christene onvoorwaardelik te aanvaar, lief te hê en in te trek in die lewe van die geloofsgemeenskap. Die bedoeling hiermee is om die liefde van Christus, die teenwoordigheid van die Heilige Gees en die Vaderhart van die Skepper teenoor hulle te demonstreer, sodat ware geloofsoorgawe kan plaasvind.

Die invloed wat kulturele oorgange op die denke oor kerk en geloofsgemeenskap het, het die getuienis van die plaaslike gemeente egter ingrypend aangetas. Volgens Jamieson (2002:16) speel die oorgang na die postmodernisme 'n betekenisvolle rol om veral Westerlinge uit die georganiseerde kerke na 'n meer individualistiese godsdiens buite-om tradisionele strukture te laat beweeg. Hierdie postmoderne beweging staan in kontras met die moderne era waar tradisionele kerke ongekende groei beleef. Ons leef tegelyk in 'n era van megagemeentes, strydvrage oor Skrifgesag en kontemporêre etiek, godsdiensfundamentalisme en die klem op die belange van die groep bo dié van die individu (Tamney 2002:8) en 'n era van huiskerke, kleingroepbediening en teologiese diversiteit en relativisme. Volgens McLaren (2000:160-161) is die moderne era gebou op beheer, plesier en profyt. Dis 'n individualistiese kultuur, rasioneel en op tegnologiese vooruitgang gebou. Die belang van die groep word gebou op demokratiese instemming deur die gedeelde belange van die individue betrokke eerder as lojaliteit aan die oorgeërfde identiteit van die groep.

Volgens Robinson en Wall (2006:2-3) lei die fokus op individuele geloof veral tot 'n leemte in navorsing oor die teologie en lewe van die geloofsgemeenskap. Meer navorsingstyd word spandeer aan spiritualiteit en die lewe van Jesus as aan die geloofsgemeenskap wat Jesus kom stig het. In die kern van hierdie leemte staan die heersende Westerse kultuur wat die individu en sy/haar belang beklemtoon ten koste van gemeenskapsbelange. Dis asof die klem op Jesus se leer en lewe telkens teruggetrek word na 'n individualistiese geloof toe sonder om die aard van die Christelike gemeenskap en die kerk in besinning te bring (Robinson & Wall 2006:3). Die impak wat hierdie metodologie op kerkbegrip – die ekklesiologie – het, is verreikend. Dit noop navorsers om die kerk in terme van grootte en dienste te beskryf (vgl Mann 1998:3-5) en dit veroorsaak dat kontemporêre gelowiges die kerk beskou as 'n orga-

nisasie wat professionele geestelike hulp verleen eerder as om die korporatiewe voertuig vir die getuienis oor God en sy werk in die wêreld – van die tyd van die Bybel af tot vandag toe -- te wees.

Die verskeidenheid Skrifmetafore wat die kerk verbeeld, praat sonder uitsondering in kollektiewe terme van die kerk: die kerk is 'n versameling uitgeroepenes; 'n liggaam; kinders van God; die nuwe volk van God; 'n huisgesin (Kraus 1996:111-119). Ten grondslag van al hierdie beelde lê die antieke boustene van die koninkryk, stad en gesin (Crosby 1988:24; Klauck 1996:59). Die kulturele stelsel was patriargaal en het die huisgesin en die imperium dikteer. As verworpenes in 'n heidense samelewing het plaaslike gemeentes ontstaan wat aan individue skuiling bied in 'n alternatiewe gesins- en samelewingsverband, naas hulle wetlike gesinstatus.

Die ontdekking dat die moderne kerkbegrip gedekonstrueer moet word terug na die Bybelse toe, vra na 'n groter hermeneutiese aanpak. Dit roep om 'n benadering waarin sowel die teks as die konteks van die eerste en huidige hoorders verreken word (Porter & Clarke 1997:4). Boonop moet hierdie eksegetiese bestudering van die ekklesiologie (waar eksegeese en hermeneutiek as sinonieme van mekaar funksioneer – Porter & Clarke 1997:3) die toenemende integrasie in die ekklesiologiese bestudering vanuit dogmatologiese, kerkhistoriese en prakties-teologiese perspektief teweeg bring.

Die verhaal van die gemeente in Antiogië bied gevolglik 'n belangrike hermeneutiese sleutel om die ekklesiologie van 'n missio-nerende kerk te help konstrueer.

2 BREËR KONTEKS

'n Betekenisvolle posisie word deur Lukas, die skrywer van Handelingte, aan die gemeente in Antiogië toegeken: dis die tweede geloofsgemeenskap wat 'n selfstandige identiteit as gemeente verkry (Smit 1997:100). As sodanig word die perikope in Hd 11:19-30 en Hd 13:1-3 strategies ingebed in die vertelling van die uitbreiding van die evangelie van Jerusalem af tot die uithoeke van die wêreld. Nie alleen verteenwoordig die pertinente insluiting van die gemeente se ontstaan die sleutel om die evangelie-sprong van 'n Joodse "sekte" na 'n universele godsdiens te verstaan nie, die vertelling bied ook spesifieke hermeneutiese implikasies vir 'n postmoderne ekklesiologie.

Volgens Witherington (1998:68-76) is die motief van die Handeling-narratief om aan te toon hoe die verlossingswerk van Jesus Christus bevryding bring vir mense uit alle sosiale klasse, op enige plek en hoe hierdie verlossing elke aspek van hulle lewens beïnvloed. Die Heilige Gees staan sentraal hierin. Daarom word die belofte van die uitstorting van die Heilige Gees (Hd 1:8): "... en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld," 'n struktuurmerker in die Handeling-vertelling – eers die evangelie in Jerusalem, dan in Judea en Samaria en uiteindelik in Rome, as die middelpunt van die destydse wêreld, die uithoeke.

Binne hierdie raamwerk staan die gemeente in Antiogië sentraal as die brug tussen die Joodse geloofsgemeenskap en die heidendom wat tot geloof kom. Die gemeente is sentraal omdat dit die stuur-gemeente word waarheen Paulus telkens terugkeer van sy sending-reise in die heidengemeenskappe. En uiteindelik is die gemeente sentraal want hier word die evangelie van die Messias vir die eerste keer geherinterpreteer vir 'n nuwe kulturele en teologiese konteks. Antiogië funksioneer dus as 'n soort hermeneuties-kommunikatiewe bloudruk vir die ontwikkeling van 'n plaaslike, missionale ekklesio-logie.

As oorbruggingsnarratief na die sendingreise van Paulus dien dit te vermeld dat Hd 11:19-30 die verhaal van die vervolgte gelowiges in Hd 8:4 opneem. Dit is ooglopend dat die vertelling verskuif van 'n fokus op die getuienis van die apostels en diakens (Filippus en Petrus) na die getuienis van gesiglose, naamlose gelowiges. Hoewel die vertelling van Petrus se visioen in die huis van Cornelius die teologiese raamwerk vir die evangelie aan nie-Jode vaslê, is die Antiogië-verhaal die konkretisering van die beweging van die Heilige Gees aan alle nasies. Witherington (1998:369) voer aan: "Taking Acts 8-11 together, one gains the rather clear impression that Luke is presenting a complex picture of the origins of the proclamation of the good news to Gentiles."

3 BASIESE DEMOGRAFIESE AGTERGROND

Antiogië-ad-Orontes in Sirië het bekend gestaan as die Beeldskone Stad. As derde stad in die Romeinse Ryk – naas Rome en Aleksandrië – was Antiogië die hoofstad van die gekombineerde provinsies Sirië en Silisië. Die stad het onder beheer gestaan van 'n

prokonsul in beheer van twee soldaat-legioene (Hengel 1986:99; Cwiekowski 1988:85; Greenway 1989:31). Antiogië was die sentrum van diplomatieke betrekkinge tussen Rome en die oostelike vasalstate, onder meer Judea. Derhalwe was die stad 'n ontmoetingsplek van nasionaliteite en kulture waar die Ooste en die Weste op 'n kosmopolitaanse wyse bymekaargekom het.

Geografies was Antiogië geleë aan die oewers van die Orontesrivier, ongeveer vyf en dertig kilometer van die see af. Die kUSDorp Seleukië het gedien as hawe vir Antiogië (Bornkamm 1971:29). Die stad is in ongeveer 300 vC gestig deur Seleucus Nicatos wat dit na sy vader vernoem het. In die tydperk waarin die Nuwe Testament ontstaan het, was daar ongeveer vyfhonderdduisend inwoners in Antiogië, waarvan sowat vyf en veertigduisend van Joodse herkoms was.

Elke denkbare godsdienst het 'n tuiste gehad in Antiogië (Greenway 1989:32): Die totale Grieks-Latynse panteon is aanbid; die Siriese kultusse van Baäl en die moedergodin was teenwoordig; die misteriegodsdienste en die okkulte met elke aspek van towery, hekserie en astrologie het ook 'n tuiste gehad in die stad. Antiogië was bekend vir uitspattige onsedelikheid. As welvarende en groot handelsentrum was die stad tipies van die heidense kultuur van die tyd. Die morele krisis was so groot dat die Romeinse digter Juvenalis in die eerste eeu geskryf het dat Antiogië een van die bronne van Rome se korrupsie is.

Ten spyte van hierdie negatiewe waarde-oordeel het Antiogië die toegangspoort geword vir die evangelie aan nie-Jode. Volgens Tenney (1961:253) is die sendingpogings van die vroegste Christendom uit hierdie stad gekoördineer en geïnisieer. Die godsdienstvryheid en openheid wat deur die omstandighede in Antiogië verskaf is, het die potensiaal en dryfkrag geskep vir 'n sendingdeurbraak aan nie-Jode (Hengel 1986:99-100).

4 DISKOERS

Antiogië het sy ontstaan as gemeente te danke aan die verkondigingswerk van gewone gelowiges. Dit is betekenisvol dat die kerkleiers van Jerusalem vir Barnabas, en nie een van die apostels nie, na Antiogië toe gestuur het om ondersoek te gaan instel na die werk in Antiogië.

Dit is nie bekend wie die persone van Siprus en Sirene was nie (Hd 11:20). Lukas ag dit egter belangrik om te noem dat hulle, in hulle getuieniswerk, nie tot die Joodse gemeenskap beperk gebly het nie. Hulle het ook die evangelie aan Griekssprekendes verkondig, meer bepaald is die blye tyding aangaande die Here Jesus vertel. De Villiers (1983:234) verbind hierdie klem met die Griekse Godheids-konsep, waarvolgens die Griekse gode asook die keiser as *Kurios* – Here – aangespreek is.

4.1 Christologiese ontwikkeling

Hierdie beklemtoning dui vir Hengel (1986:103-104) op 'n baie vroeë ontwikkeling in Christologiese denke. In die eerste vyf hoofstukke van Handeling word die begrip *Kurios* feitlik nooit gebruik nie – veel eerder is na Christus verwys as God, as dienskneg van God en meer dikwels as Christus, die Messias. Later sou die uitdrukking, *Jesus is die Here*, 'n fundamentele belydenis van Griekssprekende Heidenchristene word (Hengel 1986:105).

Die Handeling-diskoers laat die indruk dat Barnabas in Antiogië gebly het om die leierskap van die nuwe gemeente te begelei. Hy het dit gedoen deur hulle tot groter geloofstoewyding aan te moedig (Hd 11:23), omdat hy 'n goeie man was, vol van die Heilige Gees en met 'n standvastige geloof.

Greenway (1989:35) maak die gevolgtrekking dat Barnabas se reaksie op die geloofswerk in Antiogië deurslaggewend was vir die evangelie-verkondiging aan nie-Jode. Deur sy getuieniswerk het 'n beduidende hoeveelheid mense tot geloof gekom. Uiteindelik het die werk te omvangryk geword vir Barnabas (Hd 11:25). Hy het Saulus in Tarsis gaan haal om met die werk te help en hulle het vir 'n jaar lank die nuwe gelowiges onderrig. Die impak van hierdie werk op die stad was sigbaar: As gevolg van die groei van die Christendom in Antiogië het die volgelinge van Jesus hier 'n selfstandige benaming gekry – mense van Christus, Christene (Hd 11:26; Hengel 1986:103). Dit moet in ag geneem word dat hierdie benaming waarskynlik as 'n skeldnaam bedoel was, maar deur die gelowiges as 'n eretitel oorgeneem is.

4.2 Gesonde interkerklike verhouding

Klaarblyklik was daar spontane en gesonde wisselwerking tussen die gemeentes in Antiogië en Jerusalem. In die tyd van Barnabas en

Saulus se bediening in Antiogië het profete (Hd 11:27 – mense met 'n besondere gawe om woorde van stigting en troos te bring [De Villiers, 1983:238]) na die stad gekom. Een van hierdie profete, Agabus, het deur die Gees die voorspelling van hongersnood en swaarkry gemaak. De Villiers (1983:239) noem dat Flavius Josephus melding maak van 'n uitgebreide droogte in die tyd van Claudius Casear, tussen 47 en 50 nC:

Now her coming was of very great advantage to the people of Jerusalem; for whereas a famine did oppress them at that time, and many people died for want of what was necessary to procure food withal, queen Helena sent some of her servants to Alexandria with money to buy a great quantity of corn, and others of them to Cyprus, to bring a cargo of dried figs.

(Josephus, sa XX:II.5)

Dit is waarskynlik die droogte waarna Handeling 11 verwys.

Op grond van die profesie het die gesonde verhouding tussen die twee gemeentes spontanerwys 'n fisiese dimensie verkry (Hd 11:29-30). Die Antiogeense Christene het die nood in Jerusalem help hanteer. Hulle kon ruimskots bydra, omdat Antiogië 'n welvarende stad was. Die indruk bestaan dat dieselfde kerkbegrip as in Jerusalem hier aan die werk was en dat die verkoop van goedere om middele in te samel vir die nood in Jerusalem 'n verbreding geword het om gelowiges in ander geografiese gebiede in te sluit (Arrington 1988: 121).

Die Antiogeense gemeente stuur eventueel hulle hulp met Barnabas en Paulus Jerusalem toe (Hd 11:30). Dit val op dat die Jerusalemse leierskap nie meer apostels genoem word nie, maar ouderlinge – *presbyteroi*. In Handeling 15 word na die Jerusalemse leierskap verwys as apostels en ouderlinge. Dit kom voor of daar in die die Handeling-diskoers reeds sensitiwiteit aan die dag gelê word vir verdere ontwikkeling in die organisasie van die vroeë kerklike strukture.

Die begrip “presbyter” is oorspronklik uit 'n Joodse konteks oorgeneem (Coenen 1986:199). In navolging van die analoog verskaf deur die Sanhedrin, word die gedagte van 'n ouderlingeraad veronderstel, met die apostels wat hierbinne optree as leiersfigure. Op hierdie manier gee die organisasie van die kerk uitdrukking aan die kontinuïteit tussen die gemeenskappe van die ou en die nuwe

verbond. Die ouderlinge was verantwoordelik vir die leiding van die plaaslike gemeente, geestelik sowel as organisatories.

4.3 Eiesoortige leierskap

Die gemeente in Antiogië se leierskap was eiesoortig. Dit kom voor of daar nie hier 'n geïnstitusioneerde ouderlingeraad gefunksioneer het soos in Jerusalem nie. In Antiogië was wel 'n aantal prominente leraars en profete teenwoordig (Hd 13:1). Saam met Barnabas en Saulus het Simeon Niger gedien – 'n klaarblyklike verwysing na die feit dat hy 'n Afrikaan was (Douglas 1982:1115), ook Lucius van Sirene en Manaen. Die verwysing na Manaen is besonder betekenisvol (Cwiekowsky 1988:87), aangesien hy groot geword het saam met Herodes Antipas. Dit is 'n duidelike aanduiding dat die Christendom in hierdie vroeë stadium nie beskou is as 'n slawegeloof nie, omdat dit aanhangers tot in die hoogste sosiale vlakke gehad het. Arrington (1988:119) wys daarop dat profete 'n spesifieke soort leier in die vroeë kerk was. Hierdie individue het normaalweg die charismatiese gawe gehad om God se wil rakende sake wat die welwese van die gemeente raak, bekend te maak.

Die ontwikkeling in die rigting van eiesoortige leierskap is belangrik vir die sending aan nie-Jode. Voortaan sou die karakter van die plaaslike leierskap al meer rus op die skouers van “inheemse” manne en vroue, ten spyte van die feit dat die teologiese leierskap van die Christendom – die apostels – Joodse Christene was (Hengel 1986:106). Hoewel die kerklike leiding in Antiogië meer charismaties was as in Jerusalem (De Villiers 1983:251), het hulle dieselfde oogmerke met hulle broers in Jerusalem gedeel: die toerustende opbou van die gelowiges gekoppel aan die getuienisaksie teenoor ongelowiges.

Omdat die diskoers geplaas word teen die agtergrond van die openbaring aan Petrus (Hd 10:1-11:18), word die relevansie van die kultuursprong na nie-Jode hier beklemtoon. Dit kom veral na vore in die feit dat die gemeente in Antiogië pertinent verantwoordelikheid aanvaar het om na nie-Jode uit te reik. Hulle het boonop hulle senior leierskap (Barnabas en Saulus) vir hierdie taak afgesonder (Hd 13:1-3).

5 EKKLESIOLOGIESE PARAMETERS

Becker (1993:90-92) wys daarop dat die Antiogeense bediening onder nie-Jode gelei het tot 'n ekklesiologiese konsep van die Christendom buite-om die oorspronklike Joodse wortels. Veral het Paulus 'n sterk voorstander geword van geloof-sonder-rituele. Sodoende is 'n alternatiewe vorm van die Christendom gevestig. Dit het konflik met die moederkerk veroorsaak (Hd 15, Gal 2). As gevolg van die Antiogeense bediening is die Apostelkonvent gehou – en tydens hierdie vergadering is die modus van die kerk gevestig: die Christendom is 'n oop gemeenskap. Die geloof durf nie beperk te word deur nie-essensiële kwessies soos besnydenis of die onderhouding van die Joodse wet nie, veral waar dit nuwe gelowiges wat nie-Jode is, betrek.

5.1 Missionaal

Die Antiogeense gemeente het ontstaan as 'n missionêre gemeente, gefunksioneer as 'n missionale gemeente en die teologie gevestig vir toekomstige missionerende gemeentes. Jones (2006) bevestig dat die gebruik van die term “missionaal” 'n doelbewuste wegbeweging is van ekklesiosentriese individualisme. Deur te praat van 'n missionale kerk word die fokus van gemeentebediening teruggeplaas in die konteks van die *missio Dei* – Christene is medewerkers aan God se besig-wees met hierdie wêreld. In die konteks van hierdie denke funksioneer die terme “missionaal”, “missionêr” en “missionerend” as ekwivalente wissel terme van mekaar.

Die Antiogeense narratief begrond die missionale gerigtheid trinitaries:

- In Hd 11:21 word pertinent genoem dat die Here die gelowiges (wat die evangelie aan Griekssprekendes verkondig het) gehelp het sodat mense tot geloof gekom en hulle tot die Here bekeer het. Die Griekse begrip “kurios” (*Kurios*) word hier vir die eerste keer pertinent verbind aan die verlossingswerk deur Christus.
- In Hd 11:23 getuig Barnabas van sy blydschap oor God se genadewerk. Die Griekse term *ho Theos*, van God, word tradisioneel gebruik om die Hebreeuse Godsnaam, *Jahweh*, in Grieks oor te vertaal. In kontras met die Ou Testament is

Hy egter naby, die Vader van Chrisus en skenk regverdiging deur sy genade (Schneider 1986:73).

- In Hd 11:28 word Agabus deur die Gees gelei om oor die komende droogte te profeteer. Die Griekse begrip *pneumatōs* – Gees – word in Lukas-Handelinge deurentyd gebruik om na die werk van die Heilige Gees te verwys (Witherington 1998:70).

Hierdie trinitariese fokus op God se besig-wees in Antiogië help ons verstaan dat missionale kerkbegrip 'n instrumentele begroning vestig van die kerk se saam-werk aan God se werk in hierdie wêreld. Gestroop van hierdie teologiese insig verval die kerk tot 'n meganistiese organisasie wat gelowiges bedien, eerder as uitgeroepde gelowiges wat saamkom om uiting te gee aan God se roeping.

5.2 'n Koninkryksidentiteit

Die Antiogeense skeldnaam, Christen, koppel die getuienis dat Christus die enigste Here is aan 'n unieke identiteit: die plaaslike gemeente word hiermee ingebed in die koninkryk van God en die werk van die Koning van die hele wêreld. Hierdie ekklesiologiese parameter het tot gevolg dat die kerk haar wesensverstaan begrond op die verbintenis aan en verkondiging van Christus as die Heer van die Here. Burger (1999:55) noem die verhouding met God as die belangrikste en mees fundamentele verhouding in die lewe van 'n gemeente. Die verhouding tussen God en sy kinders is 'n unieke verhouding en dit gee 'n besondere identiteit aan die kerk. So bestaan die kerk om die eer van God te besing, te verkondig en uit te brei. Vir die Antiogeense gelowiges het hierdie identiteit gegroei uit ongelowiges se beskuldiging dat hulle slawe van Christus – Christene – geword het. Hierdie gebondenheid het 'n eretitel geraak en het die naam geword waaraan volgelinge van Christus voortaan uitgeken sal word.

As ekklesiologiese merker dien dus die werklikheid dat die kerk 'n unieke identiteit het, een waarin God op 'n intieme manier geken word, en waarbinne sy koninkryk sigbaar gemaak word. Nel (1994:23) sê: “Die kerk is immers dié deel van die skepping wat God se verlossing in Christus aanvaar, wat Christus Jesus as die Here bely; wat 'n woning van God in die Gees is en daarom as nuwe mensheid uitdrukking gee aan God se heerskappy oor hulle denke, gesindhede, lewe, woorde en werke ...”

5.3 'n Toegeruste geestelike huishouding

Die eerste gemeentes was deurlopend gemeenskappe gerig op prediking en verkondiging (*didache*). In Hd 2:42 het die Jerusalemgemeente hulle toegespits op die leer van die apostels. In Hd 11:26 het Barnabas en Saulus die gemeentelede in Antiogië vir 'n jaar lank geleer. Volgens Wegenast (1986:770) het die lering van die Nuwe Testament in die breedste moontlike sin verwys na Christus se boodskap – ingeslote die oproep tot bekering en geloof. Die fokus op prediking, verkondiging en lering moet verbind word aan die unieke identiteit as behorende aan Christus. Gegee die kultuursprong vanuit 'n wettiese Jodedom en 'n Griekse veelgodery dien dit te verstaan dat nuwe gelowiges toegerus moes word in hulle insig en verstaan van die aard van die nuwe gemeenskap in Christus.

Dis egter 'n fundamentele ekklesiologiese merker van die Antiogeense gemeente dat lering aan die Griekssprekendes 'n intensionele ordening van geloofsinhoud met die oog op lewenspraktyk as medewerkers aan die sending van God veronderstel het. Hiermee word bedoel dat die nuwe Christene opgebou is in hulle geloofsverstaan en teologies onderrig is om diensbaar te wees as sendelinge in God se koninkryk. Die ekklesiologiese fokus op gewone lidmate eerder as die ampsdraers van die gemeente verleen verder gewig aan die argument: as onbekende gelowiges die evangelie kon oordra sodat mense tot geloof kom, en as dit die goedkeuring van die Gees wegdra, is die noodwendige implikasie immers dat die toerusting aan gelowiges hulle in staat sou stel om outonoom te funksioneer as predikers van die verlossing deur Christus. Hybels (2004:25) het die volgende te sê oor die kontemporêre konkretisering van hierdie ekklesiologiese parameter: "One of my greatest thrills as a leader is to watch people ... discover that God can use their small and mostly hidden acts of love and kindness to change lives, churches, local communities, and eventually the world."

Deur die hulpverlening aan Jerusalem word die familie-metafoor boonop uitgebrei om 'n wêreldwye gestalte te verkry. Hoewel die plaaslike gemeente in haar eiesoortige gestalte as 'n geestelike huisgesin verstaan is, vestig die Antiogeense ekklesiologie die realiteit dat die ganse kerk, wêreldwyd, deel is van 'n groter huishouding, verbind aan mekaar deur die identiteit van behorende aan Christus.

Die fokus op geloofspraktyk-in-sending staan voorop. Dit gaan nie primêr oor kennisoordrag nie, maar lewensvorming. Hierdie benadering is konsekwent met die antieke wêreldbeskouing wat rondom die instelling van die huishouding gebou is: “When we speak of a household, the emphasis is mostly on the economic and functional aspects of the common life of its members” (Moxnes 2003:28). As ekklesiologiese parameter bestaan hierdie verskynsel dus vanuit die gedeelde sending waarby elke gelowige betrokke is, die sosiale ordening vanuit die eerste-eeuse Christendom (dié van ’n alternatiewe huishouding) en die medewerking aan die uitbreiding van God se koninkryk in die proses (Moxnes 2003:114).

5.4 Leierskap

Uiteindelik dien die Antiogeense gemeente as voorbeeld van die dinamika van kerklike organisasie. Die terloopse vermelding van die ouderlinge-amp dien as betekenisvolle merker om die kerk se vermoë om nuut te organiseer en alternatiewe leierskapstrukture te skep, te beskryf. Die terloopse verwysing na ouderlinge bevestig die opkoms van ’n nuwe-generasie leierskap in die denke van die vroeë kerk. Dit strook met die aanwys van dienswerkers in Hd 6 en die gepaardgaande fokus om bedieningsbehoefte onder verskillende rolspelers te verdeel. Veral sou Paulus hierdie verskynsel teologies fundeer as charismata. In Rom 12:6-8 en 1 Kor 12:28-30 word die gawes beskryf in terme van gewone bedieninge, terwyl ruimte gelaat word vir die dinamiese werk van die Heilige Gees (Smit 2003:166). Dit strook met die beskrywing van die verbreding van die ampsbegrip soos hier in Hd 11 opgeteken: in Jerusalem al is nuwe gemeentelidmate aan die werk, naas die apostels en diakens. Ook die werksaamhede van die profeet Agabus teken hierdie verbreding in die ampsbegrip van die vroeë kerk.

Die gevolglike ekklesiologiese parameter lê hier dus in die verstaan van die kerklike organisasie vanuit die priestersamp van elke gelowige in die konteks van situasie-leierskap. Vir Ogden (1990:56) lê die hoop in die priestersamp van elke gelowige by die feit dat die kerk se bediening teruggegee word aan die volk van God, dat alle Christene hulleself verstaan as bedieners van God se Woord (Ogden 1990:74). Gegee die organiese taal van die kerklike metafore, en die verhoudingsbasis van waaruit kerklike identiteit afgelei word, is die implikasie vir bediening dat gemeentes hulleself anders sal struktureer.

Sou mens dit koppel aan die postmoderne opkoms van 'n funksionele hiërargie in die kerk, die groei in verhoudingsnetwerke en die nuwe entoesiasme vir genadegawes, dien dit as noodsaaklik dat kerklike leierskap 'n transformasie in die rigting van leierskapstoerusting en opleiding sal ondergaan. Vir Gibbs en Coffey (2001:107-113) beteken dit dat leiers hulle verhouding voor God sal herdink; dat hulle ander leiers se gawes sal help identifiseer en ontwikkel; dat hulle energie sal spandeer aan die opbou van effektiewe bedieningspanne en die oprigting van nuwe spanleiers vir opkomende bedieningspanne; dat hulle probleem-oplossing en konflikoplossingsvaardighede sal aanleer om medebedieners in die gemeente se bediening te stroomlyn. Hulle is dus dirigente van 'n simfonie eerder as kunstenaars in 'n solo-vertoning (Gibbs & Coffey 2001:110).

Hierdie verskuivende verstaan van kerklike leierskap word treffend deur Sweet (2004:17) gestel: "*Leadership is an acoustical art.*" Dit gaan oor die vermoë om God se stem te hoor, om te eien wat sy roeping vir 'n konkrete noodsituasie is, en om jou plek en rol daarin te herken. Vir hierdie ekklesiologiese merker, dus, is dit noodsaaklik om te sien dat die Antiogeense lens daarin slaag om die kerk te omskryf as 'n geografiese samevoeging van geroepenes, mense wat deur hulle gebondenheid aan Christus opgeroep is tot koninkryksdiens. Die kerk moet die instrument wees wat hierdie roeping ontsluit, die geroepenes toerus vir hulle koninkryksdiens en uiteindelik instel op God se sending in hierdie wêreld.

BRONNELYS

- Arrington, FL. 1988. *The Acts of the Apostles – an introduction and commentary*. Peabody: Hendrickson..
- Becker, J. 1993. *Paul – Apostle to the gentiles*. Translated by OC Dean. Louisville: Westminster/John Knox Press.
- Bornkamm, G. 1971. *Paul – Paulus*. Translated by MG Stalker. San Francisco: Harper & Row.
- Bosch, DJ. 1991. *Transforming mission: paradigm shifts in theology of mission*. New York: Orbis Books.
- Burger, C. 1999. *Gemeentes in die kragveld van die Gees. Oor die unieke identiteit, taak en bediening van die kerk van Christus*. Stellenbosch: BUVTON.

- Coenen, L. 1986. Bishop, presbyter, elder. In: *The new international dictionary of New Testament theology*. Vol 1, edited by C Brown. Grand Rapids: Zondervan:291-307.
- Crosby, M. 1988. *House of disciples. Church, economics and justice in Matthew*. New York: Orbis Books.
- Cwiekowsky, FJ. 1988. *The beginnings of the church*. Dublin: Gill & Macmillan.
- De Villiers, JL. 1983. *Die Handeling van die apostels – deel 1*. (Tweede druk). Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.
- Douglas, JD (ed). 1982. *New Bible dictionary*. 2nd edition. Leicester: Inter-Varsity Press.
- Flavius Josephus, [Sa]. *Antiquities of the Jews, Book XX - from Fadus the procurator to Florus*. Translated by W Whiston. [Online.] Available: <http://www.sacred-texts.com/jud/josephus/ant-20.htm>. [Site accessed: 2006-09-11].
- Gibbs, E & Coffey, I. 2001. *Church next. Quantum changes in Christian ministry*. Leicester: Inter-Varsity Press.
- Greenway, RS. 1989. *Antioch: a biblical model of urban church development*. In: *Cities – missions' new frontier*. Grand Rapids: Baker Book House:31-42.
- Guder, DL. 2000. *The continuing conversion of the church. The Gospel and our culture series*. Grand Rapids: William. B Eerdmans.
- Hengel, M. 1986. *Earliest Christianity. Containing Acts and the history of earliest Christianity & property and riches in the early church*. Translated by J Bowden. London: SCM Press.
- Hybels, B. 2002. *Courageous leadership*. Grand Rapids: Zondervan.
- Hybels, B. 2004. *The volunteer revolution. Unleash the power of everybody*. Grand Rapids: Zondervan.
- Jamieson, A. 2002. *A churchless faith. Faith journeys beyond the churches*. London: Society For The Promoting of Christian Knowledge.
- Jones, A. 2006. What I mean when I say “emerging-missional” church In: [Tallskinnykiwi.typepad.com](http://tallskinnykiwi.typepad.com). [Online.] Available: http://tallskinnykiwi.typepad.com/tallskinnykiwi/2006/02/what_i_mean_whe.html. [Site accessed: 2006-09-25].
- Klauck, HJ. 1996. *Die religiöse Umwelt des Urchristentums I – Stadt- und Hausreligio, Mysterienkulte, Volksglaube*. Stuttgart: Verlag W Kohlhammer.

- Kraus, W. 1996. *Das Volk Gottes. Zur Grundlegung der Ekklesiologie bei Paulus. Wissenschaftliche Untersuchungen zum Neuen Testament* 85. Tübingen: JCB Mohr (Paul Siebeck).
- Mann, A. 1998. *The in-between church. Navigating size transitions in congregations*. New York: The Alban Institute.
- McLaren, B.D. 2000. *The church on the other side. Doing ministry in the postmodern matrix*. Grand Rapids: Zondervan.
- McLaren, BD. 2002. *More ready than you realize. Evangelism as dance in the postmodern matrix*. Grand Rapids: Zondervan.
- Mead, LB. 1991. *The once and future church. Reinventing the congregation for a new mission frontier*. New York: The Alban Institute.
- Moxnes, H. 2003. *Putting Jesus in his place. A radical vision of household and kingdom*. Louisville: Westminster John Knox Press.
- Nel, M. 1994. *Gemeentebou*. Halfway House: Orion.
- Ogden, G. 1990. *The new reformation. Returning the ministry to the people of God*. Grand Rapids: Zondervan.
- Porter, SE & Clarke KD. 1997. What is exegesis? An analysis of various definitions. In: *A handbook to the exegesis of the New Testament*. Leiden: Brill Academic Publishers:3-21.
- Robinson, AB & Wall, RW. 2006. *Called to be church. The book of Acts for a new day*. Grand Rapids: William B Eerdmans.
- Schneider, J. 1986. God, Gods, Emmanuel. In: *The new international dictionary of New Testament theology*. Vol 2, edited by C Brown. Grand Rapids: Zondervan:66-82.
- Smit, GH. 1997. Ekklesiologie en gemeentebou. 'n Prakties-teologiese studie. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.
- Smit, GH. 2003. Gawegedrewe bediening in missionerende gemeentes. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 18(2):158-178.
- Sweet, L. 2004. *Summoned to lead*. Grand Rapids: Zondervan.
- Tamney, JB. 2002. *The resilience of conservative religion. The case of popular, conservative, protestant congregations*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Tenney, MC. 1961. *New Testament survey*. Grand Rapids: William B Eerdmans.
- Wegenast, K. 1986. Teach. In: *The new international dictionary of New Testament theology*. Vol 3, edited by C Brown. Grand Rapids: Zondervan:759-771.
- Witherington, B. 1998. *The Acts of the apostles. A socio-rhetorical commentary*. Grand Rapids: William B Eerdmans.